



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

RELIGIESTUDIES V1

2015

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- | | | | |
|-----|--------|---------|-----|
| 1.1 | 1.1.1 | C✓ | (1) |
| | 1.1.2 | D✓ | (1) |
| | 1.1.3 | B✓ | (1) |
| | 1.1.4 | C✓ | (1) |
| | 1.1.5 | D of B✓ | (1) |
| | 1.1.6 | C✓ | (1) |
| | 1.1.7 | C✓ | (1) |
| | 1.1.8 | A✓ | (1) |
| | 1.1.9 | B✓ | (1) |
| | 1.1.10 | A✓ | (1) |
- L.W. As die kandidaat die korrekte antwoord gee instede van die letter, moet hy gekrediteer word.*
- L.W. IN 1.2 moet enige relevante respons gekrediteer word.*
- | | | | |
|-----|-------|--|-----|
| 1.2 | 1.2.1 | <ul style="list-style-type: none"> • Godsdienste wat aktief saamwerk om sekere praktiese doelwitte in die samelewing te bereik. ✓ ✓ • Die leringe van verskeie godsdienste is met mekaar versoenbaar. ✓ ✓ <i>Maksimum 2 punte</i> | (2) |
| | 1.2.2 | <ul style="list-style-type: none"> • 'n Lewe wat onafhanklik van godsdienstinstellings en simbole geleef word. ✓ ✓ | (2) |
| | 1.2.3 | <ul style="list-style-type: none"> • Die weg van Hoër Waarhede, en die leringe en doktrine van Boeddhisme. ✓ ✓ | (2) |
| | 1.2.4 | <ul style="list-style-type: none"> • 'n Nuwe godsdienst wat gevorm word deur die leringe, oortuigings en praktyke van verskillende godsdienste te kombineer. ✓ ✓ • Bv. Sikhisme, Shembe <i>LET WEL: Gee 1 punt as slegs 'n voorbeeld gegee word.</i> | (2) |
| | 1.2.5 | <ul style="list-style-type: none"> • Dit beteken die glorie van God in Arabies. ✓ ✓ • Stigter van die Baha'i-geloof. ✓ ✓ <i>Maksimum 2 punte</i> | (2) |
- | | | | |
|-----|-------|-------------|-----|
| 1.3 | 1.3.1 | Ghoeroe✓ | (1) |
| | 1.3.2 | Monoteïsme✓ | (1) |
| | 1.3.3 | Dalai Lama✓ | (1) |
| | 1.3.4 | Nirvana✓ | (1) |
| | 1.3.5 | Waarsêër✓ | (1) |
- L.W. Indien die kandidaat die korrekte antwoord instede van die letter skryf, moet dit gekrediteer word.*

- 1.4 1.4.1 Onwaar✓
Konserwatiewe Jode is diegene wat aan 'n konserwatiewe vertakking van Judaïsme behoort. ✓ OF
Hervormde Jode is diegene wat aan 'n liberale vertakking van Judaïsme behoort. ✓ (2)
Maksimum 1 punt
- 1.4.2 Onwaar✓
Die naam, Boeddha, kom uit Sanskrit en beteken 'Verligte Een'. ✓ (2)
- 1.4.3 Onwaar ✓
'n Rabbi is 'n Joodse leier OF Kalief/Imam is 'n Moslem godsdiensteier. ✓ (2)
- 1.4.4 Onwaar✓
Sedelike orde in Afrika Tradisionele Godsdienste word gekenmerk deur die begrip van Ubuntu/Voorvaders. ✓ OF
Sedelike orde in die Christendom word gekenmerk deur die begrip van verlossing. ✓ (2)
Maksimum 1 punt
- 1.4.5 Waar✓✓ (2)
- 1.5 1.5.1 E✓
1.5.2 G✓
1.5.3 D✓
1.5.4 F✓
1.5.5 B✓
1.5.6 A✓ (6 x 1) (6)
L.W.. As die kandidaat die korrekte antwoord gee in stede van die letter, moet dit gekrediteer word.
- 1.6 1.6.1 • Kos wat volgens Islamitiese wette geëet mag word. /Enige toelaatbare daad in Islamitiese wet. ✓✓ (2)
- 1.6.2 • Dharma✓
• arta✓
• karma✓
• moksja✓ (2)
Maksimum 2 punte vir 2 antwoorde
- 1.6.3 • Yin en yang is die twee teenoorstaande kragte in Taoïsme waaruit die hele wêreld se prosesse bestaan. ✓✓
• Bv. liefde en haat, hongersnood en oorvloed, manlik en vroulik✓ (3)
- 1.6.4 Hierdie aanhaling beteken dat dit onmoontlik is om goddelikheid volledig te beskryf. ✓✓ (2)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

L.W. In gevalle waar meer as die vereiste vrae beantwoord is, moet krediet gegee word vir die BESTE twee response. In die afdeling moet twee punte per feit gegee word.

VRAAG 2

- 2.1
- Mense word hoog geag deur God.
 - Elke mens moet deur ander mense waardeer word.
 - Die hoogtepunt van God se skepping.
 - Adam het die hele mensdom verteenwoordig, so alle mense is gelyk, ongeag ras, godsdiens of belydenis.
 - Die res van die skepping is onderdanig aan die mens.
 - Menseleuens is heilig.
 - Menseregte, soos die reg op lewe, gelykheid voor die reg, vryheid van assosiasie, ensovoorts, moet alles gerespekteer word.
 - Elke mensereg is ontwerp om die waardigheid van mense te beskerm.
 - Dit is die verantwoordelikheid van elke mens om hierdie regte te beskerm.
- L.W. Enige ander relevante antwoord moet gekrediteer word.*

(12)

2.2 VOORBEELD 1: Boeddhisme

- Die grondslag van Boeddhisme is die onderrig van geweldloosheid aan lewende wesens, onder wie ook mense.
- Alhoewel Boeddhisme die eerste sendinggodsdiens was wat uit Asië gekom het, het dit nog nooit oorlog gebruik om sy boodskap oor te dra nie.
- Dit gebruik eerder die mag van logika om te oortuig.
- Die Agtvoudige Weg van Boeddhisme is gebaseer op mense wat wegbeweeg van 'n pynlike lewe en aanmoediging om alle lewende wesens te respekteer.
- Verdraagsaamheid en aanvaarding van mense soos hulle is, is fundamenteel in Boeddhisme.
- Die begrip van *ahimsa* (moet nooit enige skade aanrig nie), bevorder menseregte.

VOORBEELD 2: Afrika Tradisionele Godsdiens

- In ATG word individualisme as onmenslik beskou.
- Die godsdiens beklemtoon die belangrikheid van die eenheid van die gemeenskap, ongeag godsdienstige lidmaatskap.
- ATG bevorder die filosofie van 'ubuntu', wat beteken dat 'n persoon net 'n persoon kan wees as gevolg van ander mense.
- Dit beteken dat wanneer jy ander met deernis en respek behandel, hulle jou ook so sal behandel.
- Dit is die bevestiging van menswaardigheid.

VOORBEELD 3: Islam

- Die grondslag van Islam is die Moslem geskrifte.
- Hulle kan die grondslag vir 'n lewe in harmonie met ander terwyl hulle terselfdertyd hul eie opinies kan uitdruk, in die leerstellings vind.
- Hulle leer dat alle mense deur Allah geskep is en dat almal deel van dieselfde eenheid is.
- Islam verwerp bekering onder dwang of deur verpligting, bv. 'Laat daar nie dwang in godsdiens wees nie' (Koran, Soera 2, vers 256)

- Islam moedig interaksie op grond van respek en welwillendheid aan.
- Islam bevorder nie geweld nie, bv. 'Weer die bose af met dit wat beter is' (Koran, Soera 41, vers 34). (20)

2.3 JA

- Die sleutelrol van elke godsdiens is om grense of sedes te stel vir die gedrag van volgelinge.
- Hierdie sedes kan as goddelik geïnspireer beskou word.
- Moraliteit is gegrond in godsdienstige leringe.
- Bv. 'Jy mag nie moord pleeg nie' is een van die Tien Gebooe van die Christendom en Judaïsme.
- Dit leer oor die heiligheid van menseleuens.
- Net so bied elke godsdiens praktiese leiding oor morele sake.
- Bv. Voorhuwelikse seks word nie in alle godsdienste toegelaat nie. Die huwelik word eerder aangemoedig en gesinslewe word as heilig beskou.

NEE

- Godsdiens is nie die enigste bron van moraliteit nie
- Mense wat rituele uitvoer is nie noodwendig moreel 'goed' nie.
- Baie godsdienstige leiers is moreel korrup en pleeg selfs misdade onder die voorwendsel van godsdiens.
- Die Katolieke Kerk is vasgevang in gevalle van kindermishandeling deur ampsdraers.
- Mense gee voor om tradisionele genesers te wees en bedrieg niksvermoedende volgelinge.
- Sekulariste glo dat morele ontwikkeling nie die eksklusiewe eiendom van enige sekte of godsdiens is nie.
- Hulle beweer dat morele ontwikkelings deur publieke onderwys behaal kan word. (12)

L.W. Enige ander relevante antwoord moet gekrediteer word.

2.4

- Die twee terme word as sinonieme gebruik.
 - Etiek is 'n stelsel morele beginsels.
 - Moraliteit verwys na maniere, karakter en goeie gedrag.
 - Moraliteit is die praktiese demonstrasie van etiek. (4)
- [50]**

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1
- Dit verwys na die staat waar almal dieselfde is in terme van geloof, aard en eienskappe.
 - Dit verklaar die eksklusiwiteit of uniekheid van elke godsdiens.
 - Dit is 'n verenigende faktor binne elke godsdiens.
 - Godsdienstige identiteit gee ook waardigheid aan 'n godsdiens.
 - Dit bied erkenning aan 'n godsdiens. (6)
- 3.1.2
- Hulle het gemeenskaplike rituele.
 - Hulle het 'n stel gemeenskaplike, ononderhandelbare, fundamentele oortuigings.
 - Dit word doktrine genoem.
 - Hulle het 'n gemeenskaplike dragkode, veral vir seremonies. (6)

- Elke godsdiens het sy eie unieke simbole (bv. die kruis vir Christendom, Yin/Yang vir Taoïsme).
 - Die praktyk van tatoeëring (permanente merk van die liggaam) ontwikkel ook godsdienstige identiteit.
- 3.2 3.2.1
- Leringe word sistematies aangebied.
 - Dit word letterlik geïnterpreteer.
 - Hulle word as ononderhandelbaar/bindend beskou. (4)
- 3.2.2
- In ATG bied leerstellings in die vorm van gesegdes morele leiding in die gemeenskap.
 - Leerstellings het in die mondelinge vorm behoue gebly en is meer aanpasbaar as geskrewe teks.
 - Daar is meer klem op rituele as op leerstellings. (4)
- 3.2.3
- Zen Boeddhisme beskou leerstellings as simbolies./ Leerstellings word nie letterlik geïnterpreteer nie.
 - Die oorspronklike leerstellings van Boeddhisme word as stappe na innerlike verligting beskou.
 - Innerlike verligting word beskou as die werklike doelwit van Boeddhisme, en nie blote gehoorsaamheid aan leerstellings nie. (4)
- 3.3 VOORBEELD: Suid-Soedan
- Konflik in Soedan het in 1983 begin toe die sentrale regering in Kartoem probeer het om Sjaria-wette in Suid-Soedan toe te pas.
 - Dit is hoe ver godsdiens tot die konflik bygedra het.
 - Burgeroorlog het egter voortgeduur nadat Suid-Soedan in 'n VN-referendum in 2010 onafhanklik geraak het.
 - Dit toon duidelik dat die konflik nie godsdienstig was nie.
 - Konflik het voortgeduur tussen etniese groepe, soos die Fur- en Masalit-groep.
 - Konflik het tussen die boere en nomadiese groepe uitgebreek, veral toe daar 'n droogte was.
 - Die meeste mense wat by die konflik betrokke is, is Soenni-Moslems.
 - Godsdiens is dus nie die primêre oorsaak van die konflik nie.
 - Godsdiensorganisasies is indirek in vredesamesprekings verteenwoordig deur Afrikaunie(AU)-vredesinisiatiewe.
 - Hierdie inisiatiewe het misluk, en godsdiensorganisasies het daarna op die verskaffing van humanitêre hulp gefokus.
 - Voorbeelde is 'Islamic Relief' en die 'Catholic Agency for Overseas Development'.
 - Daar was ook konflik oor die Heglig-olievelde.
 - Dit het aan Soedan behoort, maar is in April 2012 deur Suid-Soedan se weermag beset.
 - Dit is dus duidelik dat godsdiens op baie klein skaal by die konflik betrokke was.

VOORBEELD: Palestina-Israel-konflik

- Hierdie konflik het met die Balfour-verklaring begin wat Palestina 'n Britse Protektoraat gemaak het. Gedeeltes van Palestina is afgebaken sodat Jode uit Europa daar kan woon.
- Jode het aanvanklik grond by die Palestina gekoop, maar het hulle later van hulle grond af gedwing.
- In 1948 het die Jode hul onafhanklikheid van Palestina verklaar en hulle land Israel genoem.
- Jode het in groot getalle uit Europa en Moslemlande na die nuwe Joodse staat geëmigreer.
- Die setlaars het kort daarna grond wat aan die Palestyne behoort, beset en die Palestyne het vlugtelinge geword.
- Vandag bou die Jode steeds nedersettings op besette Palestynse grond.
- Net sommige Jode beweer dat die grond hul 'Godgegewe reg' is.
- Ortodokse Jode het die idee van 'n Joodse tuisland verwerp.
- In hierdie geval het Jode godsdienstige gebruik om die bestaan van 'n Joodse tuisland te regverdig en ook te verwerp.
- Dit het tot geringe intragodsdienstige konflik onder die Jode gelei.
- Die Palestina-Israel-konflik is egter nie godsdienstig nie – dit gaan oor grond en menseregte.

(26)
[50]

VRAAG 4

- 4.1
- 'n Gelykenis is 'n storie wat vertel word om 'n godsdienstige beginsel te illustreer of om 'n godsdienstige vraag te beantwoord.
 - 'n Gelykenis is meer direk as 'n allegorie.
 - 'n Gelykenis is gewoonlik kort, en bevat 'n definitiewe sedeles./dit is ontwerp om 'n geestelike waarheid te onderrig.
 - Gelykenisse kan 'n kunsvorm wees, soos 'n gedig.

(6)

4.2 VOORBEELD: Christendom

- Die 'Verlore Seun' is 'n bekende gelykenis in die Bybel.
- 'n Seun verlaat sy huis en gesin om 'n wilde en bose lewe te lei.
- Hy keer na 'n lang afwesigheid terug huis toe waar sy gesin, en veral sy pa, baie bly is om hom terug te verwelkom.
- Die sedeles is dat God bly is oor die terugkeer van 'n sondaar.
- Dit moedig vergifnis en liefde deur die gesin aan.
- Dit wys ook op die belangrikheid van berou deur die verlore seun.
- Onderdanigheid aan ouers word ook in hierdie gelykenis geïmpliseer.

VOORBEELD: Boeddhisme

- 'Die blinde mans en die olifant' is 'n gewilde gelykenis.
- Die Boeddha vertel van 'n koning wat al die blinde mans in sy koninkryk bymekaar geroep het.
- Die blinde mans het verskillende dele van 'n olifant gekry om aan te voel.
- Elke blinde persoon moet die olifant beskryf volgens die deel waaraan hy gevoel het.
- Die wat die tande gevoel het, het die olifant as 'n ploegskaar beskryf.

- Die wat die oor vasgehou het, het die olifant as 'n wanmandjie beskryf.
- Die sedeles is dat strygerige priesters soos die blinde mans is: elkeen hou net aan 'n klein deeltjie van die volle waarheid vas, en beweer dat hy die hele waarheid ken. (12)

- 4.3 4.3.1
- 'n Doktrine is 'n stel oortuigings wat die sentrale oortuigings van 'n godsdienst vorm.
 - Die woord kom van die Latynse woord 'doctrina' wat onderrig beteken.
 - Doktrine kan na die hele geloofstelsel van 'n godsdienst verwys.
 - Dit verwys meer dikwels na sekere dele van 'n geloofstelsel.
 - Bv. Die Hindoe-doktrine van reïnkarnasie/Christelike doktrine van verlossing.
 - Die doktrine beskerm die oortuigings wat noodsaaklik is vir 'n godsdienst.
 - Doktrine kan oor tyd verander om relevant te bly vir 'n sekere era of kultuur.
 - *L.W. Enige ander relevante respons moet gekrediteer word.* (10)

- 4.3.2
- Dit verwys na die absolute gesag van sekere leerstellings.
 - Dit is bindend vir volgelinge.
 - Die ontkenning van hierdie leerstelling beteken gewoonlik dat die persoon hom-/haarself van die sekere godsdienst uitsluit.
 - 'n Dogma moet deur 'n erkende gesag in die godsdienst ondersteun word.
 - In Islam is die *akida* of *sjada* 'n voorbeeld van dogma. (Daar is geen God behalwe Allah nie, en Mohammed is sy boodskapper.)
 - Die konsep van die Drie-eenheid is Christelike dogma.
 - *L.W. Enige ander relevante respons moet gekrediteer word.* (10)

- 4.4 4.4.1
- Dit word gedefinieer as politeïsties (geloof in baie godhede)
 - Hindoegemeenskap is gebaseer op 'n klasstelsel.
 - Die Hindoe-konsep van tyd is siklies.
 - Dit beteken dat die heelal nie 'n skielike begin of einde het nie, maar eerder deur herhaalde fases van manifestasie en ontbinding beweeg.
 - Die menslike siel gaan ook deur fases van hergeboorte (reïnkarnasie)
 - *L.W. Enige ander relevante respons moet gekrediteer word.* (6)

- 4.4.2
- Daar is verering van voorvaders deur die ritueel van diere-offers.
 - Voorvaders het die mag om ongeluk of geluk te bring.
 - Daar is nie 'n heilige geskrif nie.
 - Die geskiedenis van oorerwing dien as die primêre bron.
 - Daar is nie 'n spesifieke plek van aanbidding nie.
 - Daar is nie spesifieke 'heilige' dae nie.
 - *L.W. Enige ander relevante respons moet gekrediteer word.* (6)

(6)
[50]

VRAAG 5

- 5.1 5.1.1
- Islam sal slegs ;n aanvaarde godsdiens word wanneer daar net so baie grappe oor Mohammed as oor Jesus, Moses en Boeddha is.
 - Godsdiens geniet geen spesiale beskerming in die media nie.
 - Die belediging van godsdiens en godsdienstige leiers is aanvaarbaar.
 - Mense wat nie 'n sekere godsdiens volg nie, hoef dit nie te respekteer nie. (4)
- 5.1.2
- Godsdienstige oortuigings moet gerespekteer word.
 - Mense regte behels die respek vir religie en religieuse verdraagsaamheid.
 - Geen regte is absoluut nie. (6)
 - Vryheid van spraak moet nie misbruik word om skade aan te rig of te beledig nie.
- 5.1.3
- Dit is gebruik om die faksie se afkeur van onderrig vir meisies te beklemtoon.
 - Dit is as 'n fundamentalistiese Islamitiese organisasie beskryf.
 - Dit stel Islam in 'n swak lig.
 - Die media veralgemeen die optrede van 'n fundamentalistiese groep om 'n diverse Moslem bevolking van amper 2 biljoen mense voor te stel.
 - Positiewe bydraes soos liefdadigheid en sosiale kohesie wat deel van die godsdiens is, word geïgnoreer.
- 5.2 5.2.1
- Dit vestig Suid-Afrika as 'n sekulêre staat met geen staatsgodsdiens nie.
 - Dit verbied diskriminasie op grond van godsdiens of geloof.
 - Godsdiensbeoefening kan by staatsinstelling plaasvind, maar:
 - dit moet op gelyke grondslag gebeur,
 - en bywoning moet gratis en vrywillig wees.
 - Hierdie bepalings verseker dat daar harmonie is en dat vryheid van assosiasie toegepas word.
 - Respek vir verskillende rituele, praktyke, oortuigings en verdraagsaamheid tussen die verskillende godsdienste.
 - Vryheid van opinie verskaf 'n ruimte waarin godsdienste oor sake van die staat of sosiale kwessies kommentaar kan lewer.
 - Vryheid van uitdrukking moedig gemeenskaplike kommunikasie tussen godsdienste sonder vrees aan. (10)

- 5.2.2
- Godsdienstebeleid moet op so 'n manier opgestel word dat dit verskillende godsdienste akkommodeer.
 - Skoolbyeenkomste moet alle godsdienste akkommodeer.
 - Die onderrig van Religiestudies moet nie eensydig wees nie.
 - Alle belanghebbendes moet opgelei word in godsdienstige verdraagsaamheid.
 - Godsdienstige vakansiedae (of die viering daarvan) moet op gelyke grondslag plaasvind.
 - 'n Multigeloofsbenadering word deur die Departement van Basiese Onderwys toegepas.
 - (Bv. die bestudering van individuele godsdienste is deur Religiestudies vervang.)

(10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150